Publication: Burger,Die(Wes-Kaap) (Main)
Pub date: 7/6/2015 1
Page: 4
AVE: 19318.00
Circulation: 61484
Part: 1 of 1

OTM's, winkelrakke leeg in Griekeland

Anika Marais

KAAPSTAD. – As jy beplan om binnekort op 'n Griekse eiland te gaan uitspan, maak seker jy neem ekstra kontant saam.

Die Vereniging van Suider-Afrikaanse Reisagente (Asata) het toeriste gister aangemoedig om reeds in Suid-Afrika hul rande vir euro's te wissel.

Griekeland se finansiële krisis het verlede week verdiep nadat die regering nie geld gehad het om Dinsdag 'n terugbetaling van €1,6 miljard (sowat R21,75 miljard) aan die Internasionale Monetêre Fonds (IMF) te maak nie. Met staatskuld van meer as 170% van sy ekonomie, kort die land dringend geldelike bystand om bankrotskap te vermy.

Banke is boonop sedert Maandag gesluit en burgers mag nie meer as €60 per dag onttrek nie. "Die limiet geld nie vir mense wat internasionale bankkaarte gebruik nie. Dit blyk egter sommige kitsbanke het reeds leeggeloop en het nie meer kontant nie," het Otto de Vries, bedryfshoof van Asata, gewaarsku.

'n Joernalis uit Athene, Omaira Gill, het dié foto op Twitter geplaas van 'n supermark se leë rakke. Foto: TWITTER

Die *International Business Times* berig dat Grieke en toeriste vandeesweek deur die nag in lang toue gestaan het om geld by kitsbanke te trek, maar dat net nagenoeg 40% van die masjiene wel nog kontant het.

Die Griekse Toeristevereniging bereken ook dat besprekings vir vakansies in die land daagliks met bykans 50 000 gedaal het, berig die *Daily Express*.

Die departemente van buitelandse sake in die Verenigde Koninkryk en Duitsland het ook hul burgers gewaarsku om genoeg kontant saam te neem as hulle na Griekeland reis.

Pasop egter op vir die sakkerollers, want hulle probeer glo óók naarstiglik kontant in die hande kry.

"Tref ekstra voorsorg as jy kontant by jou dra in Griekeland. Verdeel die geld tussen familielede of vriende wat saam met jou reis, sodat een persoon nie te veel geld by hom of haar het nie," het De Vries gemaan.

Die finansiële krisis blyk egter nie Suid-Afrikaanse toeriste af te skrik nie, meen Daniella Theron, reisagent van Pentravel in die Tygervallei-winkelsentrum in Bellville. "Ons bespreek nog elke dag vir toeriste plek en toere na Griekeland. Ons kry nie die indruk dat dit mense vreeslik pla nie."

As jy wel kontant saamneem, beveel sy aan dat jy dit in 'n geldsakkie teen jou lyf en onder jou klere dra. "Druk dit sommer in jou onderklere, maar moet dit nie in jou handbagasie los nie."

SA toeriste in Griekeland vertel:

■ **Viljoen van Heerden, Matiestudent:** "Daar is amper geen kruidenierswaare in die winkels nie en baie pensioenarisse staan in rye voor OTM's om geld te trek. Ons het self nog nie gesukkel om kontant te trek nie, maar ek sal Suid-Afrikaners aanraai om wel kontant saam te bring vir ingeval. Maar die lewe gaan voort hier. Die Grieke *worry* glad nie."

■ **Annemarie van Burick, joernalis:** "Ons sukkel glad nie om geld by OTM's te kry nie. Daar is nie angs onder toeriste oor die tekort aan kontant nie. Veerbote kom en gaan, toerbusse is vol en die strande is vol.
Ek sal toeriste aanbeveel om veiligheidshalwe genoeg euro's in kontant te hê om kostes te dek, veral omdat die situasie onseker bly. Niemand weet hoe dit oor 'n week kan lyk nie, veral in die lig van die beplande referendum."

■ **Jurgen van de Vyver, rekenmeester:** "Ons het nog nie probleme gehad nie. Party OTM's is leeg, maar ons kon by ander geld kry. Restaurante, ondernemings en selfs hotelle het vir 'n paar dae gemaak of hulle net kontant aanvaar."

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.